

1. Ons is in Lydenstyd (Sondag was die 5de LydensSondag). **Praat in die groep** oor wat dit vir jou beteken, en wat spesiaal van hierdie tyd in die kerklike jaar is.
2. **Lees** Psalm 140:1-6. Wat spreek jou aan/wat staan vir jou uit (**deel dit in die groep**).
3. **Lees** Romeine 1:18 en 29-31. Wat spreek jou aan/wat staan vir jou uit (**deel dit in die groep**).
4. **Praat in groep**: Stem jy saam dat hierdie gedeelte ongelukkig nie net 'n prentjie skep van goddeloses nie, maar ook van baie dinge wat Christene doen. **Noem voorbeelde** van hoe Christene mekaar en ander (nie-Christene) seermaak.
5. **Gee tyd vir elkeen by hom/haarself**: Is daar van hierdie dinge waar van jou? Wat sit agter dit (bv jaloesie, groepsdruk, slegte gewoonte)? Is daar iemand wat jy moet gaan verskoning/vergifnis vra omdat hy/sy deur jou toedoen/praterij seergekry het? Is daar dalk so iemand in die groep? **As jy die oortuiging het, deel in die groep/maak sommer nou reg met daardie groepslid**.
6. **Elkeen by hom/haarself in stilgebed**: Het jy dalk seergekry deur ander? Vra Here om jou te help om hulle te vergewe, sodat jy kan voortgaan met jou lewe en nie vashaak by hierdie insident/persoon nie. **Lees** Ps 140:2, 5 en 13
7. **Bid vir mekaar in groep en vir almal in gemeente om mekaar verantwoordbaar te hou daaraan om nie sleg van en oor ander mense en organisasies te praat nie**.
8. **“Gaan, en sondig nie meer nie” is Jesus se woorde aan jou**.